SAKE 24 (Burger Kaap)
07 Dec 2011, p.15

Kontantonttrekkings styg in November

Die groter gemiddelde kontantonttrekking in November is 'n goeie teken vir kleinhandelaars net voor die Kerstyd.

Die gemiddelde kontantonttrekking, gemeet deur die Spark-kontantindeks (SCI), het op 'n jaargrondslag met 2,18% van R412 tot R421 gestyg en met 0,72% teenoor Oktober.

Dit is in ooreenstemming met die historiese tendens vir dié tyd van die jaar, sê mnr. Marc Sternberg, besturende direkteur van Spark ATM Systems.

Dit is moontlik dat dié Desembersyfer die rekord van R447 wat in Desember 2010 aangeteken is, sal oorskry, sê hy.

Die SCI meet die gemiddelde waarde van onttrekkings by meer as 1 500 Spark-kitsbanke in al nege provinsies.

Die SCI-syfers volg dieselfde patroon as die kleinhandelverkoopsyfers van Statistieke Suid-Afrika (SSA). Die laaste SSA-syfers is vir September.

Die tendens is dat kontantonttrekkings van November tot Desember groter word en volgens hom kan 'n mens verwag dat die kleinhandelverkoopsyfers vir Desember op 'n jaargrondslag 'n goeie toename sal toon, sê Sternberg. – **Niel Joubert**